

**Titel: Die Rus**  
**Pastor: Hennie Swart**  
**Datum: 06 Junie 2010**  
**Tyd: 09h30**



### **Matt 12:1-8**

<sup>1</sup>In dié tyd het Jesus op 'n sabbatdag deur gesaaides geloop. Sy dissipels het honger geword en are begin pluk en van die koring geëet. <sup>2</sup>Toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir Hom: "Kyk daar! U dissipels doen iets wat op die sabbatdag nie gedoen mag word nie." <sup>3</sup> Maar Hy sê vir hulle: "Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne honger geword het nie? <sup>4</sup>Hy het in die huis van God ingegaan en van die offerbrood geëet, wat hy en sy manne nie mag gedoen het nie, maar net die priesters. <sup>5</sup> Of het julle nie in die wet van Moses gelees dat die priesters op die sabbatdag in die tempel diens moet doen nie? Hulle oortree dus die sabbatsgebod, en tog is hulle nie skuldig nie. <sup>6</sup>"Ek sê vir julle: Hier is Een wat groter is as die tempel. <sup>7</sup> As julle begryp het wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie,' dan sou julle nie mense wat onskuldig is, veroordeel het nie. <sup>8</sup>Die Seun van die mens is immers Here oor die sabbat."

### **Mark 2:27-28**

<sup>27</sup> Jesus het verder vir hulle gesê: "Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie. <sup>28</sup>Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die sabbat."

### **Gen 2:2-3**

<sup>2</sup> En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. <sup>3</sup>En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.

### **Eksodus 20:8-10**

<sup>8</sup> Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. <sup>9</sup>Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, <sup>10</sup> maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie...

### **Eksodus 31:16-17**

<sup>16</sup> "Die Israëliete moet die sabbat onderhou. Ook op hulle nageslag lê die verbond 'n blywende verpligting om die sabbat te onderhou.<sup>17</sup> Dit sal vir altyd 'n teken wees tussen My en die Israëliete. In ses dae het Ek, die Here, die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Ek nie gewerk nie, maar gerus."

### **2 Kron 36:20-21**

<sup>20</sup> Almal wat nie doodgemaak is nie, is na Babel toe weggevoer, waar hulle die koning van Babel en sy seuns se onderdane was totdat die Perse die bewind oorgeneem het.<sup>21</sup> So is die woord van die Here vervul wat deur middel van Jeremia gekom het. Die ballingskap het aangehou totdat die land vir sy sabbatsjare vergoed is. Die hele tyd dat die land woes gelê het, het dit 'n sabbatsrus geniet, 'n volle sewentig jaar.

## **Streng Sabbat Regulasies**

**Na hul terugkeer uit ballingskap het die leiers baie streng sabbatwette neergele om te verseker so iets gebeur nooit weer nie.**

- **Mishrah: 'die veertig-minus-ee' = 39 kategoriee van sabbat regulasies.**
- **Bv. meer as een naald in klere = stik; "'n sabbatsreis" (Acts 1:12)**
- **'...berg wat aan 'n garing hang' – 'n las**

**Deut 23:25**

<sup>25</sup> Wanneer jy in jou buurman se koringland ingaan, mag jy are pluk met jou hand, maar jy mag nie 'n sekel in sy koringland gebruik nie.

**Lev 24:8-9**

<sup>8</sup> Die brood moet gereeld op elke sabbat daar voor die Here vervang word. Dit is 'n verpligting wat vir altyd op die Israeliete rus. <sup>9</sup> Die brood kom Aäron en sy seuns toe. Hulle moet dit op 'n gewyde plek eet, want dit is 'n besondere gewyde gawe. Dit is 'n deel wat hulle altyd moet kry uit die offers wat aan die Here gebring word.

**Num 28:9-10**

<sup>9</sup> "Op die sabbat moet julle twee jaaroud lammers sonder liggaamsgebrek offer, met daarby drie kilogram meel wat met olie gemeng is as graanoffer en met 'n drankoffer daarby. <sup>10</sup> Dit is die brandoffer vir elke sabbat afgesien van die gereelde brandoffer en die drankoffer daarby."

**Heb 4:9-11**

<sup>9</sup> Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, <sup>10</sup> want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. <sup>11</sup> Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie.

**Matt 11:28-30**

<sup>28</sup> "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. <sup>29</sup> Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. <sup>30</sup> My juk is sag en my las is lig. "